**Sondag 29 Januarie**
**Skrifgedeelte: Filippense 1:12, 20-23; Hebreërs 2:14-18**
**Fokusgedeelte: Filippense 1:20, 23; Hebreërs 2:14, 15**
**Ons is hoopvol en vreesloos**

Paulus het ’n mooi verhouding met die gelowiges in Filippi gehad en hy verseker hulle dat hy *hoopvol* en *vreesloos* is.

Paulus is in moeilike omstandighede – hy is in die tronk. Tog het hy ’n verfrissende uitkyk op sy omstandighede, want Hy lewe Christus-gefokus. Hy skryf 'n brief van blydskap aan die Filippense en vertel vir hulle hoe sy tyd in die tronk eintlik baie positiewe dinge tot gevolg gehad het. Hy kon byvoorbeeld die evangelie aan die keiserlike wag (1:13) en selfs aan die huishouding van die keiser verkondig (4:22).

Dit is so dat Paulus nie weet wat met hom gaan gebeur nie. Sal hy vrygelaat word, of sal hy ter dood veroordeel word? Tog bly hy *hoopvol* dat Christus in sy liggaam verheerlik sal word, of hy dan lewe en of hy sterwe (1:20). Selfs al moet hy sterf, is hy ook *vreesloos*, want dit is veel beter om by die Here Jesus Christus te wees (1:23).

Ons moet leer om Christus-gefokus te leef in al ons omstandighede – goed en sleg. Dit sal ons *hoopvol* maak. Ons het hoop as ons besef die lewe gaan oor meer as ons. Ons is nie die hoofkarakter nie, Jesus Christus is. Ons het hoop as ons weet Jesus sal met ons doen en vir ons beskik wat Hy goed dink en Homself so verheerlik. Ons het selfs die hoop dat ons ná ons Christus-gefokusde lewe verheerlik sal word! Selfs al moet ons ook sterf, is ons *vreesloos*. Die Goeie Herder is daar om by jou te wees wanneer jy die onbekende van die dood betree (Ps. 23). Hy is Koning aan dié kant van die graf, maar ook aan die ander kant. Ons is sonder vrees, want ná die dood is daar nie meer vir ons veroordeling nie, maar verheerliking! Hy sal vir ons die kroon gee wat nie verwelk nie (1 Pet. 5:4).

Ons is *hoopvol* en *vreesloos*, want “of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here” (Rom. 14:8)!

*Sing: Psalm 23-1:1-3*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*